# NET EEN LEUEN

SUSCA HATTON

Kopiereg © Susca Hatton 2024

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die kopiereghouers gereproduseer of in enige vorm of deur enige meganiese of elektroniese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, enige opname, of deur enige ander stelsel van inligtingbewaring of -ontsluiting.

Vir toestemming of versoeke, kontak die skrywer by info@suscahatton.com

Hierdie verhaal is fiktief en hou dus geen verband met enige werklike persone (lewend of oorlede), insidente, plekke, produkte, instansies of organisasies nie, ongeag enige moontlike ooreenkomste.

Teksversorging: Jeanne Kalamer en Leoni Benghiat

Omslag: Living Moments Photography

Drukker: Bidvest Data, Kaapstad

Geset in Garamond 11 pt

ISBN: (Druk): 978-0-7961-5903-8

ISBN: (ePub): 978-0-7961-5904-5

Eerste Uitgawe 2024

www.suscahatton.com

# Hoofstuk 1

**12 April 2023**

“Ek is jammer, mevrou Van Lynden.”

Die hand wat veronderstel is om vertroosting te bring, brand van die koue toe dit om hare vou. Sy wil haar hand wegruk. Sommer die mannetjie met sy kraalogies en windskewe strikdas aan sy bont kraag na die voordeur toe sleep. Maar sy het vrae. ’n Magdom daarvan.

Watter een van die duisende vrae vra sy eerste?

“’n Bom?” Emily se stem kraak. Dit is net nie moontlik nie. Haar brein kan nie die woorde in konteks plaas nie. Dit hang rond. Êrens tussen die moontlike en onmoontlike. Sulke goed gebeur nie. Nie met gewone mense nie.

“Dit is oral op die internet en in die nuus.”

Sy was die hele middag besig om te pak. Haar klere. Zander se klere. Oor twee dae begin hul seiljagvaart na die Karibiese

Eilande. Hy was veronderstel om net ’n vinnige besigheidsbesoek voor hul vertrek in te pas. Een dag. Een nag. En nou?

“Ons sal seker ’n mediakonferensie moet hou.” Bertus staar verby haar.

Hoe kan hy nou aan ’n mediakonferensie dink?

Sy sal vir Zander moet bel. Seker maak dat hy veilig is. Waar is haar selfoon? In haar kamer? Of het sy dit laas nog in die kombuis gehad? Haar kop wil net nie onthou nie.

“’n Bom?” Blykbaar kan haar mond nou net twee woorde op ’n slag uitspreek. Is *’n* ooit ’n woord?

Die man voor haar se oë trek op skrefies. Hy herhaal homself. Stadig. Woord vir woord. Asof sy stadig van begrip is.

“Die huurmotor was op pad vanaf Sir Seretse Khama Internasionale Lughawe na die hotel toe die bom ontplof het.”

“Waar is Zander dan nou?”

Daar is geen manier dat Zander in die voertuig was wat ontplof het nie. Dit is net nie moontlik nie. Sy sou geweet het. ’n Voorgevoel gehad het.

Bertus vermy haar oë. Sy staar na sy adamsappel wat bewe wanneer hy sluk. Die altyd-in-beheer Bertus Oberholzer is vandag nie so in beheer soos wat hy voorgee nie. Steek hy iets weg? Verdraai hy feite? Of is hy self net nie seker nie?

Sekondes tik verby.

“Jy is nie seker nie.” Dit is nie ’n vraag nie. Dit is ’n stelling. ’n Skoot in die donker.

Hulle staar vir ’n oomblik na mekaar. Sy móét weet. Die waarheid. Zander moet net oukei wees. ’n Nuwe bruid begrawe nie haar man nie.

Bertus verbreek eerste oogkontak. Sy Italiaanse skoene skwiek op die marmervloer toe hy van haar af wegstap. Waarheen wil hy vlug?

Hy gaan staan voor die klipkaggel. Staar na die Irma Stern-skets wat bo die kaggel hang.

Sê dit net, wil sy op hom skree. Waar is my man?

Net haar eie asemhaling en die ongeduldige tik-tok van die geelhoutstaanhorlosie is hoorbaar.

Sy kyk na die skets van die vrou. Die vrou se kop rus op ’n kussing. Sy lyk diep ingedagte met oë wat na niks in besonders staar nie. Vandag lyk daardie oë anders. Amper hartseer.

Toe Emily haar mond oopmaak om nog vrae af te vuur, praat Bertus. “Ons het nog nie al die besonderhede nie.”

Bertus sak op die rusbank neer. Emily volg sy voorbeeld.

“Ons weet nie veel nie.” Sy vingers woel sy eens netjiese agteroorgekamde hare deurmekaar. Hy lyk moeg. Moeër as gewoonlik. Die wasbeerkringe onder sy oë lyk donker teen sy bleek vel. Selfs die lyne langs sy mondhoeke vertoon dieper. Met Zander uitstedig, rus daar nou meer as net die gewone bestuur van Caris Capital op sy skouers. Hy weet seker wat om te doen, anders sou Zander hom nooit as adjunk-uitvoerende beampte aangestel het nie.

Sy sal moet reëlings tref. So spoedig moontlik in Botswana kom. Zander het haar nodig. Selfs met 'n privaatvliegtuig, as dit moet.

Skoenlappers begin in haar maag fladder.

Haal net asem, Emily. Jy moet dit net doen. Jy sal by Zander móét uitkom. Selfs al is dit in 'n nou, klein spasie.

Sy staan op en begin soos 'n soldaat op en af beweeg. 'n Mens kan nie sit en dink nie.

"Hoe gou kan ons reëlings tref om my in Botswana te kry?" Haar stem bewe.

"Reëlings?"

"Ja, Bertus. Reëlings. Gee my 'n uur. Minder. Dan is ek reg om te gaan. Ek neem aan ons gaan vlieg?"

Weer die gefladder in haar maag. Moenie nou daaraan dink nie. Dink aan Zander. Dit is waarop sy moet konsentreer. Iets anders.

Sy sal ander klere moet pak. Beslis nie die skrapse kledingstukkies wat nou haar tas vul nie. Dalk moet sy vir Zander ook 'n paar stelle klere neem. Net vir ingeval.

Bertus vryf met sy hand oor die agterkant van sy nek. Die frons tussen sy wenkbroue verdiep al hoe meer.

"Ek dink daar is ..." Hy maak keelskoon, druk met sy hande op die rusbank en kom soos 'n veel ouer man orent. "'n Misverstand. Meneer Van Lynden is nie besig om in 'n hospitaal te herstel nie." Hy praat in 'n stemtoon wat 'n mens veronderstel is om vir 'n kleuter te bêre. "Dit was 'n kragtige ontploffing."

Emily hoor die woorde. Dit sink in. Bietjie vir bietjie. Die branderigheid agter haar oë vererger.

Moenie huil nie.

"Hoe seker is julle dat Zander in die motor was wat ontplof het?" Haar stemtoon styg. Sy het reguit antwoorde nodig. Toe Bertus haar nie dadelik antwoord nie, herhaal sy die vraag. "Was hy? Ja of nee?"

"Ons vermoed dat meneer Van Lynden in die motor was. Hulle was net drie mense wat vroeër vanoggend gevlieg het. Net drie. Daar was ook net drie mense in die voertuig wat ontplof het."

Emily se naels kerf halfmane in haar vel in.

"Hoekom weet julle nie of Zander in die motor was nie?" Haar stem is niks meer as 'n fluistering nie. Sy forseer die trane terug.

Die antwoord wat sy vrees, staan op sy gesig.

Nee! Die woord weergalm in haar binnekant. Nie Zander nie! Asseblief, net nie Zander nie.

Die vertrek raak kleiner. Nouer. 'n Onsigbare wese se vingers klamp om haar keel. Dit steel haar asem. Sy strompel na die naaste venster toe. Bewende vingers sukkel om die handvatsel raak te vat.

Die venster moet oop. Sy moet asem kry.

Alles bewe.

Wat as haar asem opraak voordat die venster oop is?

'n Ander hand verskyn. Help haar.

Die venster skuif oop.

'n Koue briesie slaan teen haar wange vas.

Dankbaar trek sy die lug diep in haar longe in.

Asem.

Die man wat langs haar staan, praat. Sy stem is sag, asof die klank ’n ver afstand moet reis voordat dit haar bereik. “Die liggame. Hulle kan nie die liggame identifiseer nie.”